**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOTORBAKHERSTELWERK SG**


**Possible Answers / Moontlike Antwoorde**
**Feb / Mar / Maart 2006**


## VRAAG 1

1.1 In die onderstaande skets kan die kraak waargeneem word. In die volgende skets kan die versterkplaat wat vasgeweis is, gesien word. (1)


- Maak die oppervlak deeglik skoon met 'n slypmasjien. (2)
- Slyp'n ligte V-invoegsel in die kraak. (2)
- Voordat daar gesweis word, moet die battery ontkoppel word om skade aan die alternator te voorkom. (1)
- Boogsweis nou die kraak. (2)
- Skuur die sweislas gelyk met die slypmasjien. (2)
- Plaas nou die versterking oor die kraak en sweis dit vas. (2)
- Skuur die sweislas om 'n netjiese voorkoms te verleen. (2)

**(13)**



1.2




Lengte van A = B
Lengte van C = D — Skets 5
Lengte van E = F — Meetpunte 5
Die vloerHoogte van G, H, I en J moet ook dieselfde wees. (10)

1.3 Die kruismetode (1)
Die vergelykende metode (1)
**[25]**

**VRAAG 2**

2.1
- 'n Klein nossel moet gebruik word.
- Steek die vlam aan soos voorgeskryf.
- Gebruik 'n reihouer waarteen die nossel langs beweeg kan word vir in 'n reguit lyn sny.
- Maak rooi warm en druk dan die suurstofhefboom.
- Trek vlam met 'n stadige spoed teen die rei langs na die operateur toe.
- Sekere aspekte moet in ag geneem word: Sweisbril en geen vlambare-materiaal in die nabyheid.
- Beskermende klere van doe snybedrywigheid nie. 1 elk (5)

2.2 Die snypunt moet 90º met die werkstuk gehou word, m.a.w. reguit af. (2)

2.3 Alhoewel dit byvoorbeeld 'n geel is, kan die kleur effens verskil van vervaardiger tot vervaardiger. Om die akrielverwe kompeterend te maak kan die bestanddele van die verwe ook verskil. (2)

2.4
- Gebruik altyd skoon houers. (1)
- Die mengstok moet deeglik skoon wees. (1)
- Meng net die regte hoeveelheid verf vir gebruik. (1)
- Gebruik die skaalliniaal vir die regte mengsel soos voorgeskryf. (1)
- Meng deeglik. (1)
- Filtreerverf oor gebruik. (1)
- Gebruik verf van dieselfde vervaardiger. (1)
- Elke keer as die sproeiroer volgemaak word, moet die verf weer deeglik geroer word. (1)

1 elk (8)

2.5
- Stofdigter
- Minder geraas van bakwerk
- Stewige bakwerk
- Motor kan ligter gemaak word — 1 elk (3)

2.6
- Duur om te vervaardig (1)
- Moeilik herstelbaar na ’n ongeluk (1)

2.7 Die regbuig van die onderstel eerste. (3)

**[25]**

## VRAAG 3

Die volgende is die laasgenoemde van TWEE metodes wat gebruik kan word. Die een metode is om die enjinkap in posisie te spuit, die ander is om die enjinkap heeltemal af te haal en die werk dan elders te doen.


- Verwyder die enginkap. (2)
- Skuur die hele oppervlakte met 600-waterpapier. (2)
- Gaan na vir krappies en duikies wat nog sigbaar is. (1)
- Spuit onderlaag eers baie dun aan. (1)
- Laat droog word vir 1 uur. (1)
- Spuit nou 2 tot 3 lae onderlaag. (1)
- Skuur liggies met 600-waterpapier vir gladde voorkoms. (2)
- Meng nou die regte verfkleur. (1)
- Gooi deur filter in spuitroer. (1)
- Vee die enjinkap met spesiale lap skoon (kleeflap) (1)
- Spuit die eerste laag eers aan met ’n droë spuit. (2)
- Nou kan die finale laag aangespuit word met 2 of 3 lae verf. (1)
- Laat staan om droog te word vir 6 tot 8 uur. (1)
- Gebruik nou 1500-waterpapier en skuur tot ’n dowwe voorkoms. (2)
- Gebruik ’n poetsmasjien (buffing machine) met ’n spesiale vryfmengsel (rubbing compound) om ’n hoëglans-afwerking te verkry.
- Wend nou motorpolitoer aan en poets blink. (1)
- Pas die enjinkap sodat gapings by die modderskerms dieselfde is. (2)
- Nou kan daar finaal afgerond word. (1)

**[25]**

## VRAAG 4

4.1 Banddrukke moet dieselfde wees.
Ondersoek voorwiellaers.
Ondersoek stuurkas.
Ondersoek stuurkoppelings.
Grondhoogte moet reg wees wanneer gelaai.
Dieselfde grootte bande moet reg rondom die motor gebruik word. — 1 elk (5)

4.2




*Positiewe wielvlug 1. loodlyn; 2. hartlyn van wiel; 3. positiewe wielvlughoek; 4. wiel; 5. stomp-as; 6. krinkspil.*

Skets 8
Benaming 2
Grade 2

Beskrywing

- Die punt waar die wiel met die padoppervlak kontak maak, word onder die vrag/las geplaas. (2)
- Die las op die stomp-as word verlig. (2)
- Stuuraksie word vergamaklik omdat die draaipunt van die wiel onder die krinkspil geplaas word. (2)
- Die sywaartse druk op die krinkspil-bussies word verminder en stuurwerk is ligter. (2)

**[25]**

## VRAAG 5

5.1
- Maak skoon en verwyder alle los stukkies.
- Maak ook aan die binnekant skoon.
- Maak die area grof binne en buite.
- Smeer mengsel van veselgas en verharder aan die binnekant.
- Plak veselglasmat aan die binnekant en smeer weer veselglas aan met kwas in drukbewegings.
- Wanneer genoegsame lae oor die gaatjies is , kan aan die buitekant begin word.
- Smeer hars en veharder aan en plak nog veselglasmat op gaatjie.
- Wanneer die gaatjie gevul is, wag tot dat dit droog is.
- Skuur af tot dat glad en spuit die spesiale onderlaag vir glasvesel aan.
- Die finale kleur kan nou aangespuit word, dan droog laat word en afgewerk word. 2 elk (20)

5.2
- Growwe vyl
- Skuurmasjien
- Spuitroer
- Rubberskuurblokkie
- Ou verfkwas om hars aan te smeer en mat aan te smeer 1 elk (5)

**[25]**

## VRAAG 6

6.1 Weens olie of politoer wat nie behoorlik skoongemaak is nie. (2)

6.2 Verwyder al die verf en skuur met waterpapier. Verdunner kan ook gebruik word om die verf te verwyder.

6.3 Metaalhoudende pigmente
Aluminiumpoeier
Sinkstof
Bronspoeier 1 elk (3)

6.4 Koolstofswart word gebruik in die vervaardiging van swart verf en word verkry in die vorm van 'n roetagtige neerslag wat afgegee word weens 'n gedeeltelike verbrandingsproses waartydens van gasvlamme en koue staal verbind. (5)


6.5 Die rubberskuurblok word gebruik om baie gelyk, gladde oppervlakafwerking te verkry. Met handskuurwerk vorm daar gewoonlik klein duikies. (5)

6.6 Waar want die suurstof silinder het altyd 'n regsom skroefdraad en die asetileensilinder 'n linksom skroefdraad. (5)

**[25]**

## VRAAG 7

7.1




Skets 10
Grade 5

(15)

7.2
- Gebruik 'n seepoplossing by die verbindings. As daar 'n lek is, sal daar borreltjies vorm.
- Deur gebruik te maak van die reukmetode. Asetileen ruik sleg en kan daaraan uitgeken word. (4)

7.3
- Bakvuller is goedkoper as baklood.
- Bakvuller word makliker met die hand glad geskuur as baklood. (6)

[25]

## VRAAG 8

8.1 Roes is 'n ysteroksied. As metaal gelyktydig met water en suurstof in verbinding kom, vind daar 'n chemiese reaksie plaas wat 'n helder metaal in 'n bruin, onbruikbare oksied verander. (5)

8.2 Daar bestaan verskeie metodes om 'n geroeste paneel te herstel:

- Deur gebruik te maak van veselglas, maar hierdie metode is nie permanent van aard nie.
- Deur die geroeste gedeelte uit te sny en dan 'n nuwe deel in te las deur dit te sweis.
- Deur roes te stop of, waar dit nie uitgesny kan word nie, die deel te behandel met 'n produk wat 'Russist' genoem word. Deur 'n chemiese proses stop Russist die roes onmiddellik. (5)

8.3
- Onder sierstroke
- Onder modderskerms
- Onder deure
- By onderstelversterkings 1 elk (3)

8.4
- Gebruik altyd 'n sproeimasker.
- Vars lug mag alleenlik deur die filtreerder die spuitverflokaal binnekom.
- Alle elektriese verbindings moet vlamdig wees.
- Net genoeg verf moet gemeng word om die werk te voltooi.
- Genoeg werkspasie of ruimte
- Genoeg lig 1 elk (5)

8.5
- Silinders moet altyd regop staan.
- Stoor in geventileerde vertrek.
- Geen olie of ghries by verbindings nie
- Dra 'n sweisbril.
- Moenie naby vlambare materiaal werk nie. 1 elk (3)

8.6
- Dra altyd 'n sweishelm.
- Dra beskermende klere.
- Maak seker van 'n goeie aardverbinding.
- Sweis altyd agter 'n sweisgordyn. 1 elk (3)

8.7
- Brandblusser is baie noodsaaklik in die werksplek waar daar met brandbare gasse en materiaal gewerk word tydens motorbakherstelwerk.
- Daar kan brande ontstaan by petroltenks, sitplekke of bekleedsel wanneer daar gas- of boogsweiswerk gedoen word. (1)

**[25]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**